Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inklusiewe en
Gespesialiseerde Onderwysondersteuning

Verwysing: 20170221-8516
12/5/R
Navrae: B Daniels

Inklusiewe en Gespesialiseerde onderwysondersteuningsminuut: 0002/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies; Hoofde: Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk- Hoofonderwyskundiges en prinsipale van gewone openbare skole, onafhanklike skole en spesiale openbare skole

Onderwerp: Rapportering van vermoedelike maselgevalle by skole

1. As gevolg van 'n maseluitbraak by 'n skool in Stellenbosch in Januarie 2017, word 'n inentingsveldtog tans deur die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid (WKDvG) met de ondersteuning van die Nasionale Departement van Gesondheid gehou.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) versoek alle skole om die WKDvG van enige leerders of personeellede wat tans maselsimptome toon in kennis te stel sodat die WKDvG die vermoedelike gevalle kan ondersoek en bevestig. Masels is 'n rapporteerbare siekte met ernstige nagevolge indien dit nie korrek behandel word nie. Ten einde die uitbraak te stuit, moet alle vermoedelike gevalle deur die WKDvG opgevolg word. Die WKDvG sal ook diegene kontak met wie die leerder of personeellid in aanraking gekom het.

3. Maselsimptome kan voorkom as koors van 38°C of hoër, 'n veralgemeende *vlekkerige uitslag en enige een van die volgende drie simptome: hoes, konjunktivitis (d.w.s. rooi oë) of verkoue (d.w.s loopneus)*.

4. **Prinsipale moet enige vermoedelike maselgevalle onmiddellik by die WKDvG se Kantoor vir die Beheer van Oordraagbare Siektes** by enige van die volgende nommers **rapporteer:** 021 483 3156 / 9917 / 9941 / 9964 / 2682 of 086 6111 092, of via e-pos na hlengani.mathema@westerncape.gov.za / babalwa.magodla@westerncape.gov.za / felencia.daniels@westerncape.gov.za of charlenea.jacobs@westerncape.gov.za.

5. Die volgende inligting is nodig wanneer 'n vermoedelike geval gerapporteer word (verskaf ook die mediese sertifikaat, indien beskikbaar):

Naam van skool	
Naam van prinsipaal	
Telefoonnr. van skool	
Naam van leerder/personeellid	
Simptome	
Datum waarop uitslag begin het	
Naam van dokter/gesondheidsfasiliteit waarna verwys word	
Telefoonnr. van dokter/gesondheidsfasiliteit waarna verwys word	
Telefoonnr. van ouer/toesighouer	
Adres van vermoedelike maselgeval	

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeellede.

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2017-02-24